

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 18-3:6, 7 (29:6, 7) (wysie Ps 149)

- 6 Aanswellend soos 'n onweerskoor, / het ek die sangerstem gehoor  
van die verlose skare – / geweldig soos 'n donderslag,  
swaar soos die dreuning in die nag / van opgesweepte bare.
- 7 Hul sing die “Halleluja” weer. / “Want,” sê hul, “onse God en Heer  
is aan sy Woord gedagtig: / die groot verlossingsdag is daar,  
Hy het die koningskap aanvaar / en heers as God almagtig.”

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE  
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe  
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit  
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

Loflied: Psalm 95:1, 4 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –  
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet  
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei  
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,  
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.

Gebed

Skrifberyming 18-1:4, 5 (9:4, 5)

- 4 Ek sien toe weer in hemelsfere / die skaar wat liggend voor God staan.  
Hul was bekleed met lang wit klere: / maar wie is hul, en waarvandaan?  
Toe kom by my gesigsverrukking / 'n stem my ruisend tegemoet:  
“Die skaar kom uit die groot verdrukking, / gereinig in die Lam se bloed.
- 5 “Hul 't in die bloed, deur Gods genade, / hul kleed gewas, en vlekloos rein  
mag hul nou in hul straalgewade / as priesters voor Gods troon verskyn;  
hul mag aan Hom hul dienswerk heilig, / en altyd in sy tempel bly.  
God self sal hulle daar beveilig / as Hy sy tentseil oor hul spreit.

**Skriflesing:** Levitikus 16:1-2; Lukas 23:44-49

**Kernvers:** Lukas 23:45b

**Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur.**  
(Lukas 23:45b AFR1983)

**Tema:** Wie Christus as Verlosser het, het altyd toegang tot God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vir die gelowiges in die tyd van die Ou  
Testament het die Here spesifieke riglyne neergelê oor hoe hulle in 'n intieme en  
persoonlike verhouding met Hom kan bly lewe. Afgesien van die wet het die Here aan  
hulle die offers gegee. Dan was daar ook nog die Groot Versoendag een maal per jaar  
waarop al die sondes van die volk afgewas en weggedra is. Maar te midde van al hierdie  
voorregte en genade wat die Here aan sy volk geskenk het, kon enigiemand nie sommer  
in die blote teenwoordigheid van die Here God kom nie.

By die tent van ontmoeting en later by die tempel was daar bepaalde grense vir  
verskillende mense. Die heel buitenste voorhof rondom die tempelgeboue was die voorhof

van die nie-Jode. Dan was daar die voorhof vir die vroue en dan die voorhof van die gelowige manlike Jode. In hierdie laaste voorhof het die brandofferaltaar gestaan. Die priesters kon tot in die Heilige deel van die tempelgebou ingaan waar hulle die wierookoffer gebring het wanneer hulle daagliks vir die volk gebid het. Maar dan was daar nog die Allerheiligste deel ...

Toe die Here aan Moses die opdrag gegee het om die tent van ontmoeting te bou het Hy die volgende oor die voorhangsel gesê:

**Verder moet jy 'n voorhangsel maak van pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en fyn dubbeldraad-linne. As kunstige werk moet jy dit maak, met gérubs.**

**En jy moet die voorhangsel onder die hakies ophang; en bring die ark van die Getuienis daar, binnekant die voorhangsel. En die voorhangsel moet vir julle 'n skeiding maak tussen die Heilige en die Allerheiligste. (Eksodus 26:31, 33 AFR1953)**

In die Allerheiligste deel van die tent van ontmoeting en later die tempel was die verbondsark. Hierdie deel van die tempel is van die Heilige deel afgeskei deur 'n 18 meter hoë digte, donkerkleurige, swaar gordyn. Die voorhangsel getuig dat jy hier moet oppas. Die heiligheid en teenwoordigheid van God word afgeskerm van die oë van mense af. Sondaars kan nie die heilige heerlijkheid van God met die blote oog aanskou en bly lewe nie. Die heerlijkheid van die Here is 'n verblindende skerp lig – 'n ontoeganklike lig. Die mens wat dit aanskou, sal oombliklik blind word en sterf. Daarom getuig hierdie swaar donker kleure ook van gevaar – gevaar vir die mens wat dit sou waag om agter die voorhangsel in te gaan. Net die hoëpriester kon in die Allerheiligste deel van die tempel ingaan en net een maal per jaar – op die Groot Versoendag. Dan gaan hy daar in om dan met die bloed van 'n bul en 'n bok versoening te doen vir sy eie en die volk se sondes in die heilige teenwoordigheid van die Here. As enigiemand dit sou waag om sommer maar net in die Allerheiligste deel van die tempel in te gaan, sal hy dadelik sterf, want die mens se sonde maak homself onwaardig om in die teenwoordigheid van God te kom.

En dit is waarvan die geborduurde gerubs op die voorhangsel ook getuig. Geen mens het toegang tot agter die voorhangsel nie. Hierdie gerubs herinner aan die gerubs waarvan ons in Genesis 3 lees. Die Here het, nadat Hy die man en die vrou uit die tuin van Eden uitgedryf het gerubs oos van die tuin gesit om die toegang na die boom van die lewe te bewaak. Hierdie voorhangsel het die gelowiges dus voortdurend herinner aan hulle sondigheid en derhalwe hulle onwaardigheid om in die teenwoordigheid van die Here te verskyn.

Die voorhangsel was dus 'n sprekende simbool, broers, susters en kinders. Hierdie swaar gordyn het vir elke gelowige gesê "Geen Toegang". Net wanneer die hoëpriester aan al die vereistes voldoen het soos wat die Here dit uiteengesit het, mag hy agter die voorhangsel ingaan om namens die volk daar voor die Here te verskyn. Gewone gelowiges het dus 'n tussenganger in die persoon van die hoëpriester nodig gehad om hulle by die Here te verteenwoordig. Die voorhangsel het dus ook beperkte toegang tot God toegelaat.

In Hebreërs 9 gee die Heilige vir ons hierdie betekenis van die voorhangsel:

**Maar in die agterste gedeelte het alleen die hoëpriester ingegaan, en dit net een keer in die jaar, en dan nie sonder bloed nie, om vir homself te offer en vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het. Hiermee maak die Heilige Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is so lank as die voorste gedeelte van die verbondstent bestaan nie. Dit alles wys vooruit na die huidige tyd waarin offergawes**

**en diereoffers gebring word wat nie vir dié een wat dit bring, 'n volkome skoon gewete kan gee nie.** (Hebreërs 9:7-9 AFR1983)

Die toegang tot die allerheiligste teenwoordigheid van God was nog nie oop vir almal nie. Die voorhangsel het selfs die gewone priesters uitgehou uit die Allerheiligste deel van die tempel uit. Die bestaan van en die inrigting van die tempelgebou het die beperkte toegang en beperkte bediening van die ou verbond gesimboliseer. Hierdie hele opset sou beslis na iets beter moes verander sodat almal toegang tot die Here kon kry.

Die voorhangsel getuig verder, soos hier in Hebreërs geskryf staan, dat die offers en gawes wat gebring word, dié een wat dit bring nie volkome skoonmaak in sy gewete nie. Wanneer die versoening op die Groot Versoendag gedoen is, het die voorhangsel weer toegegaan en mag en moet die hoëpriester weer volgende jaar daar ingaan. Die bloed van die offers kon nie die voorhangsel wegneem nie. Die offers kon nie 'n vrye toegang vir almal na God toe verseker nie.

Broers, susters en kinders, ons dank en loof die Here ons God. Jesus Christus het al die offers, ook die offers van die Groot Versoendag volkome kom vervul. Met sy kosbare bloed was die Heilige Gees mense heeltemal skoon van hulle sondes. En deur sy vrywillige oorgawe aan die verskriklike kruisdood het Hy ook die mense wat aan die Here behoort se sondes weggedra. Op daardie Vrydag toe Christus aan die kruis gesterf het, het niemand anders nie as God self gewys dat Hy met hierdie volmaakte offer van sy Seun tevrede is. Soos dit in die oorspronklike taal geskryf is, staan daar: **die voorhangsel van die tempel is middeldeur geskeur.** Matteus en Markus skryf **die voorhangsel (het) van bo tot onder geskeur.** Ons hemelse Vader het self die voorhangsel van bo af middeldeur geskeur.

Hiermee het God self duidelik gemaak dat Hy vir geen mens meer ontoeganklik is nie. Jesus het die prys ten volle betaal, daarom mag gelowiges en almal wat hulle vertrou net in Christus stel met vrymoedigheid tot God nader. Die vereistes wat God vir Aäron-hulle gestel het, is volmaak deur Christus nagekom, daarom is die manier van toenadering tot God van die ou bedeling verby. Elkeen van ons, man en vrou, grootmens en kind, mag tot God nader, want ons het 'n volmaakte Hoëpriester wat vir ons die weg na God gebaan het deur sy liggaam en bloed. Ons volmaakte Middelaar en Tussenganger is nou by sy Vader, en op grond van sy verlossingswerk mag ons almal self met die Here praat. Wat 'n heerlike voorreg gee die Here ons nie?! Wie van ons sal nie op hierdie nuutgebaande weg wil gaan om self voor die Here te verskyn nie? Ons almal sal wil en ons almal mag, die Here sê dit self, daarom het Hy die voorhangsel van bo tot onder middeldeur geskeur. Ons hemelse Vader sê: Kyk, Ek het vir jou die pad oopgemaak – kom in na My toe.

Natuurlik is ons nog sondaars en dus onwaardig om in die teenwoordigheid van die Here te kom. Maar deur die geloof beklee die Heilige Gees ons met die volmaakte werk van Christus sodat ons op hierdie roepstem van God kan reageer. Ons kan op die weg wat Christus gebaan het, na God toe gaan. Daar is nie meer 'n hoë, swaar gordyn wat tussen God en ons hang, wat sê "Geen Toegang" nie. Die gordyn is deur God middeldeur geskeur.

Broers, susters en kinders, ek stel my voor dat daar groot konsternasie by die tempel was toe die priesters gesien het dat die voorhangsel van bo tot onder middeldeur geskeur was. In plaas daarvan dat hulle oë ook oopgegaan het om te sien dat God self die betaling van Christus aanvaar het en nou die weg na Hom toe oopgestel het, het angstigheid hulle beetgepak. So gou as wat hulle kon, sou hulle vir seker die voorhangsel herstel het. Jesus

was vir hulle immers net 'n irritasie wat hulle manier van aanbidding wou omvergooi. Maar gelukkig, so het hulle gedink, Jesus is nou uit die weg. Die skrifgeleerdes en Fariseërs en priesterhoofde was blind vir die genade wat ons hemelse Vader in en deur Jesus vir almal laat deurbreek het.

Geliefdes, dit is reeds erg om God se genade vir ons goedkoop te maak. 'n Mens maak die genade van God goedkoop deur die vergifnis wat die Here op grond van Christus se offer vir ons gee, te aanvaar, maar daarna net weer te lewe soos vroeër. Of 'n mens maak die Here se genade goedkoop deur dit maar as vanselfsprekend te aanvaar dat die Here ons moet vergewe wanneer ons dit van Hom vra, daarom kan ons maar lewe soos wat ons wil. Ons moet egter daaraan dink dat wanneer ons die Here se genade goedkoop maak, trap ons met ons vuil voete op die bloed van Christus. Die Here het ons verlede Sondag gewaarsku om nie sy genade goedkoop te maak nie.

Maar om te maak asof God nooit die voorhangsel middeldeur geskeur het nie, of om weer die voorhangsel toe te pluk, is om die genade wat die Here in en deur Christus vir ons skenk te ignoreer en selfs te verwerp. Dit is so goed as om die geskenk, wat ons in elk geval nie verdien het nie, net so terug te gooi in die Here se gesig en daarmee te sê ons wil dit nie hê nie. Die Jode wou nie hierdie geskenk van genade gehad het nie, daarom het baie van hulle blind gebly vir God se liefde. Ons kan nie weer, ons mag nie weer, ons sondes soos 'n gordyn tussen God en ons kom laat hang nie. Ons mag nie weer toelaat dat ons onwaardig word of onwaardig bly om in die heerlike teenwoordigheid van God te kom nie.

Kom ons onderwerp ons dan aan die leiding van die Heilige Gees. Laat Hy ons lei in die spore van die Here se Woord sodat ons al meer en meer met Christus se volmaakte werk beklee kan word deur van ons sondes ontslae te raak. Laat ons soos ware kinders van God na ons Vader hardloop omdat Hy ons roep en deur Christus alle hindernisse verwyder het. Mag die nasmaak van vanoggend se nagmaal nie net tot vanaand in ons bly nie, maar mag die nasmaak eerder die voorsmaak word van die Bruilof van die Lam waarna ons met verlange uitsien.

Amen!

Gebed

Slotpsalm Skrifberyming 18-3:8, 9 (29:8, 9)

- 8 "Laat ons verheug wees en verblyd, / en gee aan God die heerlijkheid!  
Ná leed wat ons gely het, / staan nou die bruijlofsmaal gereed,  
waarvoor die Lam se bruid haar kleed / van fynste stof berei het."
- 9 "Dié skoonheid is aan haar gegee, / Góð het haar met dié kleed beklee  
van reine en regte dade / En – salig hy wat tot dié maal  
deur God genooi word en mag straal / in daardie lofgewade."

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**20 November 2011**